Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 30: *K'doshim* – Afgesonderdes (Heiliges)

יהוה *het met Mosheh gepraat en gesê: "Praat met die hele vergadering van die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: 'Julle moet afgesonderd wees, want Ek,* יהוה*, julle God, is Afgesonderd.* Lev. 19:1 en 2 – PWL[1].

Torah: Lev. 19:1 tot 20:27

Haftorah: Amos 9:7 tot 15 en Eseg. 20:2 tot 20

Nuwe Verbond: Matt. 5:33 tot 37 en 43 tot 48; Matt. 15:1 tot 11; Matt. 19:16 tot 30; Matt. 22:33 tot 40; Mark. 7:1 tot 23; Mark. 12: 28 tot 34; Luk. 10:25 tot 39; Rom.13:8 tot 10; Gal. 5:13 tot 26; Jak. 2:1 tot 9; 1Petr.1:13 tot 21.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 30 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Holiness is the habit of being of one mind with God, according as we find His mind described in Scripture. It is the habit of agreeing in God's judgment, hating what He hates, loving what He loves, and measuring everything in this world by the standard of His Word – J.C. Ryle.

Holiness has never been the driving force of the majority. It is, however, mandatory for anyone who wants to enter the kingdom – Elisabeth Elliot.

A true love of God must begin with a delight in his holiness – Jonathan Edwards

I think the greatest miracle that God can do is to take an unholy man out of an unholy world, and make that unholy man holy and put him back in an unholy world and keep him holy. – Leonard Ravenhill.

Being filled with the Spirit is simply this - having my whole nature yielded to His power. When the whole soul is yielded to the Holy Spirit, God Himself will fill it. – Andrew Murray.

Holiness provokes hatred. The greater the holiness, the greater the human hostility toward it. – R.C. Sproul.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torahbespreking

Hersiening

Die fokuspunt van verlede week se Torahskriflesing, *Acharei Mot* (Na die dood), was die Dag van Toedekking, maar die vertrekpunt was die herinnering aan die sterwe van Nadav en Avihu nadat hulle in die Teenwoordigheid van יהוה met vreemde vuur gekom het. Soos in vorige notas bespreek was, bevat beide hierdie gebeure geestelike waarhede wat ons help om Vader-God se hart, en dus Sy wil vir ons, te ken en dit te doen.

Soos voorheen ook genoem was, kan hierdie derde boek van Torah, naamlik Levitikus (*Vayikra*) opgesom word as יהוה se instruksies en onderrig in onpartydige opregtheid, naamlik hoe om daagliks te lewe op 'n wyse sodat יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid voortdurend in ons midde kan woon en ons Sy seëninge in Yeshua deelagtig kan wees! Levitikus is die onderrig in afgesonderdheid (heiligmaking), naamlik hoe om uitgeroep en afgesonderd (heilig) vir יהוה as koninklike priesters van die Malki-Tzedek priesterskap in hierdie wêreld te lewe!

Wees Afgesonderd!

Daarom begin hierdie week se Torahskriflesing met יהוה se opdrag: "Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd." Hierdie is die hart van Levitikus!

Die vereiste om afgesonderd vir יהוה te wees is reeds met Yisra'el se aankoms by Sinai bevestig toe God gesê het:

> Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê. Ex. 20:6.

Om afgesonder te wees, en as afgesonderdes te lewe, is dus 'n duidelike opdrag van die ou verbond. Daarom word hierdie opdrag telkens in die Torah herhaal, soos byvoorbeeld in Lev. 20:7 en 26 van hierdie week se parashah:

> Sonder julleself af en wees afgesonderd, want Ek is יהוה, julle God
>
> Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees.

Is hierdie opdrag ook van toepassing vir die gelowige van die nuwe verbond? Die antwoord is 'n besliste 'Ja', want ons lees in die eerste brief van Kefa (Petrus) die volgende:

> **13** Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een,
> **14** soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,
> **15** maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is
> **16** omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is." 1Pet. 1:13-16.

Kefa brei dan hierop uit en skryf verder:

> Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ’n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Pet. 2:5.
>
> Julle is ’n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, 1Pet. 2:9.

Open 5:8-10 bevestig dat יהוה van Sy volk vereis om ‘n afgesonderde koninklike priesterdom te wees. Dit was die opdrag aan die begin en dit steeds die opdrag vir vandag en sal tot aan die einde van dae die opdrag wees!

Dit is belangrik om die betekenis van die Hebreeus vir afgesonder (*kadosh*), te verstaan, naamlik om seremoniëel en moreel rein te wees en om toegewy en afgesonder vir ‘n bepaalde doel te wees. In Engels beteken dit: *to be consecrated and set apart*.

Consecration means distancing oneself from customs that are practiced by people that are far from HaShem and to be actively following Him in obedience to His commandments – Ketriel Blad.

As koninklike priesterdom is ons dus deur יהוה uitgeroep en afgesonder tot ‘n lewe in Yeshua van toegewyde liefde vir ons Vader en Sy Torah. Afgesonderd vir יהוה beteken dus gehoorsaamheid aan Sy Torah!

Eerstens moet ons besef dat יהוה ons nie ‘n opdrag sal gee wat nie menslik haalbaar is nie. Derhalwe is dit belangrik om te verstaan wat dit beteken as יהוה sê dat Hy Afgesonderd is. Indien ons dit verstaan, kan ons יהוה navolg om te wees soos Hy is.

Die vraag is dus: Is יהוה afgeskei en afgesonder van die wêreld? Die antwoord is: Nee!! יהוה is Alomteenwoordig! Hy is teenwoordig in elke aspek en faset van hierdie wêreld wat Hy geskape het. Hy is Alomteenwoordig in die negatiewe en die positiewe. Ongeag wat gebeur is יהוה egter dieselfde – gister, vandag en tot in ewigheid. Hy is die Onveranderbare! Sy Karakter en Outorieit verander nie. Sy Torah bly staande te midde van alles wat in die wêreld gebeur! Hy word nie aan bande gelê deur dit wat gebeur nie. יהוה se Karakter en Outoriteit, soos in Torah uiteengesit word, bly onveranderd en sal uiteindelik in elke aspek en faset van hierdie wêreld geld en toegepas word. יהוה is teenwoordig in alles, maar Hy bly onveranderd. Dit is die betekenis van afgesonderd.

Daarom wil יהוה nie hê dat ons afgesonder (geskei) van hierdie wêreld moet leef nie. Hy verwag nie van ons om onsself te isoleer en nie met die wêreldse dinge in aanraking te kom nie. Nee, יהוה wil hê dat ons elkeen so ‘deurdrenk’ van Sy Torah moet word dat dit wat in die wêreld gebeur ons nie sal laat verander of sal laat struikel nie. Te midde van ‘n vervalde samelewing kan ons nie anders as om daarmee in aanraking te kom nie, maar ons mag nooit deel daarvan word nie!

> **15** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld lief het, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie,
> **16** want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld.
> **17** Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid. 1Joh. 2:15-17.

Ons moet יהוה se Torah in hierdie wêreld wees! Sy Torah moet nie net ons eie lewens beïnvloed en verander om gelykvormig aan Yeshua te word nie, maar ook die van ons

geliefdes en van die omgewing waarmee ons in aanraking kom. Dit is om afgesonderd te wees soos wat יהוה afgesonderd is.

Mark Huey (www.outreachisrael.net) skryf in sy notas ten opsigte van parashot *Acherei-Mot-Kedoshim* die volgende:

> *It is undeniable from any reading of the Gospels, that Yeshua the Messiah was a consistent advocate of holiness – and required it of all His followers. Frequently in His teachings, Yeshua refers to verses that are found in Acharei Mot-Kedoshim, exhorting His Disciples to pursue holiness in their lives, making a concentrated difference in the world around them. However, far beyond simply keeping one's vows (Matthew 5:33-37), controlling the tongue (Matthew 15:1-11), or honoring parents (Matthew 15:4-6) – is the often-repeated emphasis to love one's neighbor as yourself. Yeshua by no means just invented this axiom as some of today's Christians might think; He appealed directed to the authority of the Torah.*

Die Teenoorgestelde van Afgesonderd

Wat is die teenoorgestelde van afgesonderd vir יהוה-God? Indien afgesonderd, soos ons gesien het, beteken om gehoorsaam te wees aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, dan is die teenoorgestelde om doelbewus ongehoorsaam aan Torah te wees! Dit is om dit wat afgesonderd is te bring tot die vlak van dit wat alledaags is en waarmee die wêreld kan identifiseer. Dit is vermenging van die waarheid van יהוה se Torah met die leuens van die leerstellings van mense. Dit is bekend as sinkretisme en is sonde, naamlik wetteloosheid (1Joh. 3:4), en is om יהוה se Torah te onteer, te skend en ydelik te gebruik!

Die opdrag is om afgesonderd vir יהוה te lewe, naamlik wees afgesonderd soos God Afgesonderd is! Slegs diegene wat met ywer strewe na afgesonderdheid sal die Koninkryk van God beërwe (Heb. 12:14).

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua het gesê dat as ons Hom sien, dan sien ons ook die Vader (Joh. 14:9). Nou weet ons dat Yeshua die Boodskap, en dus die Torah, van יהוה is wat vlees geword het (Joh. 1:1). Daarom weet ons hoe afgesonderd 'lyk' wanneer ons na יהוה se Torah 'kyk'. Vader-God toon Homself as die Die Afgesonderde van Yisra'el deur Sy Torah. Om dus afgesonderd te wees soos יהוה afgesonderd is, is om te dink, te praat en te doen wat Torah ons leer! Luister wat sê Paulus aangaande die Torah:

   > Die geskrewe wet is daarom afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed. Rom. 7:12.

   Die pad van afgesonderdheid is gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua dié Gesalfde Een vervolmaak is. Om afgesonderd te wees soos God Afgesonderd is, is jou beste weerstand teen die aanvalle van die teëstander!

2. *We live in a day where we are more afraid of holiness than we are of sinfulness* – L. Ravenhill.

Lev. 19:3 – Vrees jou Vader en Jou Moeder

In Ex. 20:12 is die opdrag om vader en moeder te eer, maar in Lev. 19:3 is die opdrag om moeder en vader respekvol te vrees.

> Eer jou vader en jou moeder sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee. Ex. 20:12.
>
> Elkeen moet sy moeder en sy vader respekvol vrees en My Shabbatte hou. Ek is יהוה, julle Magtige God. Lev. 19:3.

Hoekom dan hierdie verskil? Waarom word die volgorde van vader en moeder in hierdie teksverse omgeruil? En waarom word *en My Shabbatte hou* hiermee saam in Lev. 19:3 genoem?

Ons weet dat wanneer ons hierdie verskille in Torah teëkom, dan is daar dikwels ‘n geheimenis en ‘n belangrike waarheid verskuil wat ons moet ontdek.

Laat ons dan eerstens kyk na die verskil in betekenis van die woord *eer* en *vrees*.

Die Hebreeus vir *eer* is *kavad* wat ‘n postiewe en negatiewe betekenis het. Die negatiewe betekenis is *drukkend of beswarend*, terwyl die positiewe is *ryk, welgesteld en eerbaar*.

Die Hebreeus vir *vrees* is *yare* en beteken *eerbiedig*, *vereer* en *hoogag.* Dit is om respekvolle vrees vir ouers te hê. Net so moet ons ook respekvolle vrees (respekvolle eerbied) vir והיה hê!

Om ons ouers te eer is ondermeer om in hulle materiële behoeftes te voorsien soos wat Yeshua die skrifgeleerdes en die Fariseërs geantwoord het:

> **3** Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?
> **4** Want God het opdrag gegee en gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder en hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,’
> **5** maar julle sê: ‘Elkeen wat aan vader of moeder sê: ‘dit wat u van my as voordeel kon kry, het ek as ’n offer gegee,’ eer so nie sy vader of moeder nie.
> **6** Julle kanselleer die wette van God deur julle tradisionele wette. Matt. 15:3-6.

Hiervolgens is dit duidelik dat kinders hulle ouers eer deur hulle finansiëel te ondersteun. Maar om ouers te eer beteken ook om hulle gehoorsaam te wees ten opsigte van alle opdragte wat ooreenstem met יהוה se onderrig en instruksies.

> **1** Kinders, gehoorsaam jul ouers in eenheid met ons Meester, want dit is reg.
> **2** Hierdie is die eerste opdrag met ’n belofte: “Eer en respekteer jou vader en jou moeder
> **3** sodat dit met jou goed mag gaan en jou lewe lank mag wees op die aarde. Efes. 6:1-3.

Te alle tye, en onder alle omstandighede, moet ouers en kinders in alles aan יהוה-God gehoorsaam wees!

Maar wat is die betekenis van respekvolle vrees soos dit in Lev. 19:3 geskryf is? Hier, anders as in Ex. 20:12, word die moeder eerste genoem en dan die vader. Beteken dit dat die moeder meer as die vader respekvol gevrees moet word?

Die volgende is moontlike verklarings: Eerstens is dit ‘n feit dat ‘n kind eerder die vader respekvol sal vrees vanweë ‘n man se inherente karakter en hoedanighede as die gesagsfiguur. ‘n Kind sal makliker die sagmoedigheid van die moeder uitbuit. Daarom is kinders geneig om meer respekvolle vrees vir die vader as die moeder te hê. Die rede hoekom die moeder eerste in Lev. 19:3 genoem word, is as herinnering dat beide ouers eweveel respekvolle vrees betoon moet word!

Maar ons sien ook in Lev. 19:3 die geheimenis van die volgorde van respekvolle vrees in ‘n kind se lewe, naamlik: Moeder, vader en dan יהוה. As suigeling sal ‘n kind eerstens respekvolle vrees vir die moeder se gesag ontwikkel omrede sy die meeste tyd saam met haar kind bestee. Later sal die kind respekvolle vrees vir die vader se gesag hê en dan is dit die taak van beide ouers om die kind te leer om eerstens respekvolle vrees vir יהוה te hê.

In die suigeling se lewe en jong kinderdae is יהוה se gesagsorde omgekeer, naamlik: moeder, vader, יהוה. Maar in die ouerhuis moet die kind uiteindelik יהוה se gesagsorde leer en eerbiedig, naamlik יהוה, vader, moeder. Die ouers moet deur onderrig, en by wyse van die voorbeeld wat hulle stel, hierdie gesagsorde by die kind vestig.

Let ook daarop dat die Hebreeuse woord vir *elkeen* in Heb. 19:3 is *eesh* en verwys na ‘n manlike persoon. Dit beteken dat die man ‘n groter verantwoordelikheid as ‘n getroude vrou het om sy ouers respekvol te vrees. Onthou: Die getroude vrou staan nie meer onder die gesag van haar aardse vader nie, maar onder die gesag van haar man soos wat Sha’ul dit in 1Kor. 11:3 bevestig:

> ....maar ek wil hê dat julle moet weet dat dié Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van dié Gesalfde Een.

Laastens bevestig Lev. 19:3 יהוה se gesagorde en die aanvaarding daarvan by wyse van die Shabbatsgebod: *...en My Shabbatte hou. Ek is* יהוה, *julle Magtige God.* Die bevestiging dat יהוה se gesagorde aanvaar en geleef word, is gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Soos Yeshua self gesê het:

> **21** Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”
> **23** Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.
> **24** Hy wat My nie lief het nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. Joh. 14:21, 23-24.

Die belangrikste bewys dat vader, moeder en kinders onder die gesag van יהוה staan en met liefdevolle vrywilligheid daarvolgens lewe, is deur die Shabbat te gedenk en dit af te sonder.

Die Shabbat: ‘n Toets van gehoorsaamheid

Op die vyftiende dag van die tweede maand na Yisra’el se uittog uit Mitzrayim het die volk teen Mosheh en Aharon gemurmureer omrede hulle voedsel opgeraak het. יהוה het toe aan Mosheh gesê dat Hy hulle gaan beproef (toets) om te sien of hulle volgens Sy Torah sal wandel. Hierdie toets van gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies was die Shabbatsgebod en die doel was om te openbaar of hulle hartsgesindheid teenoor God opreg was, naamlik of hulle ‘n besnydenis van die hart ondergaan het.

> **4** יהוה sê vir Mosheh: “Let op, Ek sal vir julle brood uit die hemele laat reën; dan moet die volk uitgaan en dag vir dag bymekaarmaak sodat Ek hulle kan toets, of hulle volgens My instruksies (Torah) sal loop of nie.
> **5** Dit sal wees dat op die sesde dag, as hulle voorberei wat hulle inbring, dit dubbel soveel sal wees as wat hulle daagliks bymekaarmaak.” Ex. 16:4-5.

Die volk moes elke oggend ‘n ‘omer (dagmaat) ‘man hu’ per persoon optel. Hulle mag ook niks laat oorbly het tot die volgende dag nie. Dit moes hulle vir vyf dae doen, maar op die sesde dag moes hulle dubbeld van die dagmaat ‘man-hu’ optel:

> **22** Op die sesde dag het hulle twee maal soveel brood bymekaargemaak, twee `omers vir elkeen en al die owerstes van die vergadering het gekom en aan Mosheh gerapporteer
> **23** en hy sê vir hulle: “Dit is wat יהוה gesê het: Môre is dit ’n rusdag, ’n afgesonderde Shabbat tot יהוה. Wat julle wil bak, bak dit en wat julle wil kook, kook dit en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die oggend toe.”
> **24** Hulle het dit gebêre tot die oggend toe, soos Mosheh beveel het en dit het nie gestink nie en daar was ook nie wurms in nie.
> **25** Mosheh sê: “Eet dit vandag, want dit is vandag ’n Shabbat tot יהוה. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.
> **26** Ses dae lank moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag is dit Shabbat, dan sal dit nie daar wees nie.” Ex. 16:22-26.

Almal was egter nie gehoorsaam nie!! Sommige het יהוה se voorskrifte verontagsaam en op die sewende dag uitgegaan om ‘man-hu’ te gaan optel. Daar was egter niks op die sewende dag nie. Hulle was dus beproef, maar het die toets nie geslaag nie!!!

> **27** Dit het gebeur dat sommige mense op die sewende dag uitgegaan het om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie.
> **28** יהוה sê vir Mosheh: “Hoe lank weier julle om My opdragte en My wette uit te voer? Ex. 16:27-28.

Hoekom is die Shabbatgebod gebruik as die toets? Kan dit wees dat dit “belangrikste” van יהוה se wet (Sy Torah) is? Die feit dat יהוה die Shabbatgebod so duidelik in Ex. 20:8-11 omskryf, is moontlik bevestiging hiervan. Dan is dit ook so dat die Shabbatgebod meer keer in die eerste vyf boeke van die Skrifte herhaal word as enige van die ander tien gebooie.

Is die Shabbatgebod nie ook vandag die wyse wat יהוה ons beproef (toets) of ons aan al Sy onderrig en instruksies gehoorsaam sal wees nie? Word die vraag nie ook vandag deur יהוה ons Vader en God gevra nie: *Hoe lank weier julle om My opdragte en My wette te uit te voer?* Is dit nie ook die toets of ons harte besny is nie? Hoor ons ook nie steeds vandag die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

> **6** ….“Yesha’yahu het reg geprofeteer oor julle, toneelspelers van ’n vals karakter, soos geskrywe is: ‘Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af
> **7** en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,’ Mark. 7:6-7.

Is minagting van die Shabbatgebod nie moontlik ook die rede hoekom sommige ‘n “broodgebrek” het nie? Hulle gaan ook uit op die Shabbat en vind niks nie, want Yeshua, dié Gesalfde Een, die Brood van die Lewe, is nie te vinde nie!! Nee, want Hy is saam met die wat Hom liefhet en sy gebooie bewaar (Joh. 14:21 en 23).

> **12** Hulle fees-etes is met lier en harp, tamboeryn, fluit en wyn, maar hulle gee nie aandag aan die dade van יהוה nie en die werk van Sy hande oorweeg hulle nie;
> **13** daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors. Jes. 5:12-13.

Bepeins of Bespreek

1. Matt. 15:3-6 is bevestiging dat die Fariseërs reeds in die tyd van Yeshua tot יהוה se Torah toegevoeg het en weggeneem het. Albert Barnes (Albert Barnes' Notes on the Bible) lewer die volgende kommentaar oor hierdie teksverse en behoort as waarkuwing vir ons te dien:

   > *Transgress the tradition of the elders - The world "elders" literally means "old men." Here it means the "ancients," or their "ancestors." The "tradition of the elders" meant something handed down from one to another by memory; some precept or custom not commanded in the written law, but which scribes and Pharisees held themselves bound to observe. They supposed that when Moses was on Mount Sinai two sets of laws were delivered to him: one, they said, was recorded, and is that contained in the Old Testament; the other was handed down from father to son, and kept uncorrupted to their day. They believed that Moses, before he died, delivered this law to Joshua; he to the Judges; they to the prophets; so that it was kept pure until it was recorded in the Talmuds. In these books these pretended laws are now contained. They are exceedingly numerous and very trifling. They are, however, regarded by the Jews as more important than either Moses or the prophets.*

2. In die lig van bogenoemde word die betekenis van Matt. 5:17-20 ook duideliker, naamlik dat Yeshua nie gekom het om die wet (Torah) tot niet te maak nie, maar om dit te bevestig en te bekragtig. Verwys Deut. 4:2 en Open. 22:19.

3. Is een van die groot probleme van ons samelewing nie juis die feit dat kinders nie ware begrip van יהוה se gesagstruktuur het nie omrede daar so baie enkelouergesinne is? En dan is daar ook gesinne waar die vader se beroep en buitemuurse aktiwiteite van hom 'n vader in absentia maak.

4. Volgens Ex. 16:22-28 is dit duidelik dat die Shabbatgebod reeds voor die gee van die wet by die berg Sinai van toepassing was. Die Christendom se siening dat die Shabbat ingestel was met die gee van die Torah van Mosheh is dus 'n misleiding. Die sewende dag, die Shabbat, was van die begin af daar en sal vir ewig daar wees. Die Shabbat is deel van יהוה se skepping. Beide die Shabbat en die Torah van יהוה bestaan reeds vanaf die skepping.

5. Ons lees in Jak. 2:10 die volgende: *Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword*. Is dit dan ook nie waar nie dat as ons een van יהוה se gebooie verwerp, verwerp ons inderwaarheid Sy hele wet?

6. Dit is vreemd dat diegene wat steeds die Shabbatgebod volgens יהוה se onderrig en instruksies eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as onder die wet en daarom van die onverdiende guns in Yeshua verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is dus hulle redding kwyt, want hulle het sogenaamd van die onverdiende guns verval? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer?

Nota: 'n Studie oor die Shabbat kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?cat=11

Die Afgod Molekh

Die naam Molekh (Molog) is afgelei van die Hebreeus vir koning, naamlik "malak". Daarom het konings hom aanbid. Molekh was ook bekend as Milkom en in 1Kon.11:5 word hy na verwys as die verfoeilike god van die Ammoniete! Die god Molekh word egter ook met seksuele sondes vereenselwig.

In hierdie week se Torahskriflesing word daar ondermeer ook gefokus op seksuele sondes en daarom word gewaarsku teen Molekh soos ons in Lev. 20:2 lees:

> "Jy moet ook vir die seuns van Yisra'el sê: 'Enige een uit die seuns van Yisra'el of uit die vreemdelinge wat in Yisra'el besoek, wat enige van sy kinders aan Molekh gee, moet tereggestel word tot die dood. Die volk van die land moet hom met klippe stenig.

Molekh word ook vereenselwig met die dood van babas, want die wyse wat hy aanbid was, was deur babas aan hom te offer soos ons in Lev. 18:21 lees:

> Jy mag geen van jou kinders gee om in vuur aan Molekh geoffer te word en die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God te onteer nie. Ek is יהוה.

Molekh was dus ook die god van die dood. Daarom is dit nie vreemd nie dat Islam hom beskou as die poortwagter van die dood.

Van al die seksuele sondes wat in hierdie week se Torahskriflesing genoem word, is die offer van babas aan Molekh die mees verfoeilike! Hoekom? Want die vrug van seksuele omgang tussen 'n man en 'n vrou is die geboorte van 'n baba, naamlik 'n lewe wat die asem van יהוה-God ontvang het. Om hierdie lewe deur vuur te verbrand is verfoeilik, want dit is om god te wees en oor lewe te besluit. Daarom het God Yisra'el gewaarsku van die gevolge van die aanbidding van Molekh, naamlik:

> Ek sal My gesig teen dié man draai en sal hom afsny onder sy volk uit, want hy het van sy kinders aan Molekh gegee om My Afgesonderde plek onrein te maak en My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te onteer. Lev. 20:3.

Die afgod Molekh word steeds in ons samelewing aanbid, maar hy het 'n naamsverandering ondergaan en is vandag bekend as Aborsie! Die god Aborsie word in 'n toenemende mate deur die Christendom verwelkom aangesien weinig geestelike leiers waarsku teen hierdie verfoeilike daad en al die ander seksuele sondes soos in Torah opgeteken is. Aborsie begin toenemend as 'n geweldadige koning van die dood in mense se lewe regeer.

Mag ons ernstig kennis neem van יהוה se waarskuwing in Lev. 20:4-5 aan elkeen wat hierdie sonde goedgesind is en selfs diegene wat hulle oë toemaak vir hierdie gruwel:

> **4** As die volk van die land hulle oë toemaak om dit weg te steek wanneer dié man van sy kinders aan Molekh gee en hom nie doodmaak nie,
> **5** dan sal Ek My gesig draai teen dié man en sy familie en Ek sal hom en almal wat agter hom aan hoereer om agter Molekh aan te hoereer, afsny uit hulle volk uit.

Bepeins of bespreek:

1. In hierdie week se Torahskriflesing word al die sondes wat vandag as LGBTQ bekend staan veroordeel (In Engels beteken dit: L = lesbian; G = gay; B = bisexsual; T =

transvestite en Q = queer)! Het יהוה-God se standaard van wat seksuele sonde is onder die nuwe verbond verander? Lees Rom. 1:18-32.

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.